

A 5.1 ATR

1. PERSONEEL SEDERT ALGEMENE SINODE 2015 (hierna AS 2015)

Drs JM van der Merwe (Aktuarius AS 2015 en voorsitter), L Ungerer (ondervoorsitter), ds HM Janse van Rensburg (skriba), drs JAM de Kock, QE Heine, H Theunissen, dii Duursema, DF Oelofse, AS Nel, T Danzfuss en HJ van Zyl.

In die interim het lede vanweë verskeie redes gewissel en die personeel tydens verslagskrywing bestaan uit: Drs L Ungerer (Aktuarius en voorsitter), H Theunissen (skriba), ds AS Nel (ondervoorsitter), drs JS Botha, A Celliers, D Davel, JA Kritzinger, J Potgieter, dii CJ Stander, CJ Swart, MJN van der Merwe en prof JM van der Merwe (Kerkreg verteenwoordiger).

2. UITVOERING VAN OPDRAGTE VAN DIE AS 2015

2.1 SELFDEGESLAGVERHOUDINGE (Notule 11 November 2015, pt 7.1.2)

Die Algemene Sinode 2015 het die volgende besluite geneem:

SELFDEGESLAGVERHOUDINGS

- 1.1.1 Die Algemene Sinode dra dit aan die ASR op om die kerkregtelike- en regsimplikasies van enige besluit(e) insake selfdegeslagverhoudings te ondersoek, met verslag en aanbeveling aan die Algemene Sinodale Moderamen.
- 1.1.2 Die Algemene Sinode neem kennis dat volgens die “*Civil Union Act*” Wet no 17, 2006 vereis word dat denominasies skriftelik by die Minister moet aansoek doen om toestemming te verkry om selfdegeslagverbintenisse te voltrek. (Vergelyk klousule 5. wat soos volg lees: *Designation of ministers of religion and other persons attached to religious denomination or organisation as marriage officers: (1) Any religious denomination or organisation may apply in writing to the Minister to be designated as a religious organisation that may solemnise marriages in terms of this Act.*)

Die ATR (Notule 19/06/17, pt 7.1.1.1.2) neem kennis van AS 2015 se besluite en dat BAS 2016 die saak weer hanteer het en ander besluite geneem het. Die saak is by die ASM (11 September 2017) afgehandel. Intussen het die Hooggeregshof (8 Maart 2019) uitspraak gelewer oor die geldigheid van Buitengewone Algemene Sinode 2016 se besluite. AS 2015 se besluite is geldig.

2.1.1 Die AS 2019 neem kennis dat die ATR in afwagting is oor sake op die agenda vir die AS 2019 wat genoemde opdrag se hantering mag beïnvloed.

2.2 SUI GENERIS (AS Notule 11 November 2015, pt 11.4)

Die Algemene Sinode 2015 het die volgende besluit geneem:

Die Algemene Sinode gee opdrag dat 'n indringende studie gedoen word oor die definiëring van die NG Kerk as kerk na eie aard (*sui generis*).

Vanweë personeelskommeling kon die ATR nie die studie afhandel nie. Arbeidsregtelike situasies en die hofsak aangaande BAS 2016 het bevestig dat die definiëring van die *sui generis* belangrik bly. 'n Indringende studie moet gedoen word.

2.2.1 Die AS 2019 herhaal die opdrag aan die ATR dat 'n indringende studie gedoen word oor die definiëring van die NG Kerk as kerk na eie aard (*sui generis*).

2.3 POPI (Notule 11 November 2015)

Die Algemene Sinode 2015 het die volgende besluite geneem:

POPI (A.2 bl 27 pt 6.3) – goedgekeur:

- 6.3.1 Die Algemene Sinode versoek alle kerklike media en sinodes (met uitsondering van Namibië) [hulle gemeentes, ringe, kerklike instansies, kerkkantore] om noukeurig te let op die vereistes van die PROTECTION OF PERSONAL INFORMATION ACT (POPI), 4 OF 2013.

6.3.2 Die Algemene Sinode versoek die ASR om 'n toepaslike handleiding saam te stel vir die kerklike argiewe, sinodes (met uitsondering van Namibië), hulle gemeentes, ringe, kerklike instansies en kerkkantore asook vir alle kerklike media tov die vereistes van die PROTECTION OF PERSONAL INFORMATION ACT (POPI), 4 OF 2013.

2.3.1 Die AS 2019 neem kennis dat die handleiding aangaande vereistes in terme van POPI wetgewing in bylaag A (Punt 4) opgeneem is.

2.4 ARTIKEL 44.1 EN 44.2 (Notule 11 November 2015)

Die Algemene Sinode 2015 het die volgende besluite geneem:

ARTIKEL 44.1, 2: WYSIGING DAARVAN EN DIE VOORTVLOEIENDE STEMPROSES OOR DIE VOORGESTELDE WYSIGING VAN ARTIKEL 1 VAN DIE KERKORDE SOOS IN PUNT 2 EN 3 VAN DIE ALGEMENE SINODE 2013 SE BESLUIT OOR DIE BELYDENIS VAN BELHAR VERVAT (B.2 bl 429, T.3.2 bl 1 pt 1.3) – goedgekeur:

- 1.3.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die beswaarskrif.
- 1.3.2 Die Algemene Sinode verwys die beswaarskrif van ds Theron oor Artikel 44 na die Algemene Steunspan Regte vir studie met verslag aan die volgende Algemene Sinode.

en

BELYDENISGRONDSLAG VAN DIE NG KERK (B.7 bl 449, T.3.2 bl 2 – 3 pt 2.1 – 2.7) – goedgekeur:

- 1. Die Algemene Sinode neem kennis van die beskrywingspunt (T.3.2 bl 2 pt 2.5.1).
- 2. Die Algemene Sinode handhaaf die uitgangspunt dat die belydenisgrondslag van die kerk op 'n skriftuurlik-teologiese grondslag en daarmee saam gereformeerde kerkregbeginsels, vasgestel moet word (T.3.2 bl 2 pt 2.3).
- 3. Die Algemene Sinode verwys die uitbreiding wat in 2002 by Artikel 44.1 aangebring is én Reglement 24 na die Algemene Steunspan Regte vir studie met verslag aan die volgende Algemene Sinode (T.3.2 bl 2 pt 2.5.2).
- 4. Die Algemene Sinode gee aan die Algemene Steunspan Regte (ASR) opdrag om ondersoek in te stel of die kerk se regsposisie wat deur die hof as vrywillige vereniging gedefinieer is, in ooreenstemming is met [die NG Kerk se] identiteit as gereformeerde geloofsgemeenskap en met Artikel 3.3 van die Kerkorde (T.3.2 bl 3 pt 2.7).

2.4.1 Die AS 2019 neem kennis dat die beswaar van ds J Theron hanteer is by die AS 2015 en dat die studie oor die eie aard (*sui generis*) van die kerk deur die ATR hanteer word.

2.5 REGLEMENT 11 (ATR Notule 24 Mei 2016, pt 9.3)

Die Algemene Sinode 2015 het die volgende besluite geneem:

VOORSTEL: PROSESVOORSTEL TOV B.1 (GJ Duursema/CHJ van Schalkwyk) – goedgekeur:

- 1. Die Algemene Sinode aanvaar die beginsels vervat in A.15 Moderamen Bylae 3 (bl 325 – 331). Die beskrywingspunt van Noord-Kaapland (B.1. Algemene Bevoegdheidsraad (ABR)) is daarin volledig hanteer en afgehandel.
- 2. Moderamen Bylae 3 word na die ASR verwys om aan die hand van die beginsels daarin vervat Reglement 11 te wysig vir voorlegging aan die volgende Algemene Sinode. Dit geskied in oorleg met die ASP.

2.5.1 Die AS 2019 neem kennis dat die ATP die voorgestelde veranderinge aan reglement 11 by die AS 2019 dien.

3. UITVOERING VAN OPDRAGTE VAN DIE BUITENGEWONE ALGEMENE SINODE 2016 (hierna BAS 2016).

3.1 BAS 2016: OPDRAG AAN ATR RAKENDE BESWAARSKRIFTE, GRAVAMINA EN VOORLEGGINGS (Agenda ASM, p 73, pt 5) (Notule ATR 26 Februarie 2017, pt 9.1)

Die BAS 2016 het die volgende besluite geneem:

1. Die Algemene Sinode dra dit aan die Algemene Taakspan Regte op om met die hulp van die Algemene Sekretaris al die persone wat gravamina, besware en voorleggings by die sinode ingedien het, skriftelik te wys op die toepaslike reaksie van die Sinode.

Die volgende gravamina is ontvang waarop toepaslike reaksie na aanleiding van die Sinode se besluite skriftelik gegee moet word: Lys van 23 gravamina en 1 griefskrif volg....

2. In gevalle waar daar sake voorkom wat nie deur die Algemene Sinode van 2016 hanteer is nie, word die sake verwys na die volgende Algemene Sinode vir afhandeling. Die indieners van die betrokke sake word dienooreenkomstig ingelig.

Die ATR het die volgende besluit geneem:

- 9.1.2 Die ATR dra dit op aan dr L Ungerer en ds HM Janse van Rensburg om in samewerking met die Algemene Sekretaris uitvoering te gee aan die besluit.

Die skriba het in 'n skrywe aan die Algemene Sekretaris op 11 Maart 2017 die besluit onder sy aandag gebring. Daar is nie uitvoering aan die besluite gegee nie en die ATR (Notule 18/06/2018 het besluit:

- 7.1.1.8.2 Die ATR vra met leedwese kondonering van die ASM dat die opdrag van die Algemene Sinode nie uitgevoer is nie.

Die ASM (11 September 2017) het die saak afgehandel.

3.1.1 Die AS 2019 neem kennis dat die saak by die ASM afgehandel is.

3.2 BAS 2016: SAKE RAKENDE DIE ALGEMENE SINODE SE BESLUITNEMINGSPROSES EN KERKREGTELIKE IMPLIKASIES VERWYS NA DIE ATR (Agenda ASM 27 Februarie 2017, pp 74 en 75, ordemosies onder punt 7; Notule ATR 26 Februarie 2017, pt 9.2)

Twee ordemosies is goedgekeur en verwys na die ATR met verslag aan die ASM.

AANBEVELINGS: ALGEMENE SINODE BESLUITNEMINGSPROSES (A.3.1 pt 6.5 bl 74) – Ordemosie van QE Heine word goedgekeur dat die aanbevelings na die ATR verwys word met verslag aan die ASM:

6.5 Die appèlliggaam stel dus voor dat die ATR die volgende gewysigde voorstel vir insluiting in die Reglement van Orde (Reglement 3) oorweeg:

6.5.1 Die sake soos genoem in Art 43 van die Kerkorde behoort tot die besluitnemingsbevoegdheid van die Algemene Sinode en die sinode het die reg om bindende besluite daarvoor te neem.

6.5.2 Indien die Algemene Sinode egter rede het om te vermoed dat 'n besluit of standpunt moontlik tot groot verdeeldheid in die kerk kan lei, moet die sinode, vóór die finale besluitneming, die advies van

mindere kerkvergaderinge inwin ten einde groter konsensus oor die betrokke sake in die NG Kerkverband as geheel te kry.

6.5.3 In finale instansie is dit egter die Sinode se eie oortuiging in die lig van die Skrif, die Gereformeerde Belydenisskrifte en die Kerkorde wat die deurslag moet gee.

AANBEVELINGS: KERKREGTELIKE EN REGSIMPLIKASIES (A.3.1 pt 7.4 bl 75) – Ordemosie van QE Heine word goedgekeur dat die aanbevelings na die ATR verwys word met verslag aan die ASM:

7.4 Die appèlliggaam stel dus die onderstaande, vir insluiting in die Reglement van Orde, voor:

7.4.1 Indien 'n voorstel, aanbeveling of beskrywingspunt regs- en/of kerkregtelike implikasies het, word die voorstel / aanbeveling / beskrywingspunt na die ATR of TTR verwys vir advies en aanbevelings tov sodanige implikasies vóórdat 'n finale besluit geneem word.

7.4.2 Indien sodanige weloorwoë advies en aanbevelings nie ter vergadering gelewer kan word nie, staan die voorstel / aanbeveling / beskrywingspunt oor tot die volgende sitting van die Algemene Sinode om die ATR in staat te stel om die implikasies deeglik, indien nodig met regsadvies, te oorweeg met verslag aan die sinode.

7.4.3 Die oorspronklike voorstel / aanbeveling / beskrywingspunt word in die lig van die ATR of TTR se verslag en aanbevelings geamendeer (indien moontlik) voordat 'n finale besluit geneem word.

3.2.1 Die AS 2019 neem kennis dat die saak by die hersiening van reglement 3 hanteer is.

3.3 BAS 2016: VOORSTEL RAKENDE VOORSKRIFTE TOV VERGADERINGSPROSEDURES (Agenda ASM 27 Februarie 2017, p 75, onder punt 8; voorstel HAH van den Heever/MP Sahd) (Notule ATR 26 Februarie 2017, pt 9.2)

VOORSTEL: KERKORDELIKE VOORSKRIFTE TOV VERGADERINGSPROSEDURES (HAH van den Heever/MP Sahd) – nie hanteer nie as gevolg van tydsbeperkings:

Die Algemene Sinode gee opdrag aan die ASM om

1 Alle kerkordelike voorskrifte tov vergaderingsprosedures (KVV) te vereenvoudig en met mekaar in ooreenstemming te bring.

2 Sorg te dra dat KVV duidelik laat blyk dat die Algemene Sinode 'n vergadering is waar Christus deur Sy Woord en Gees mense lei.

3 Sorg te dra dat KVV nie die Algemene Sinode in vergadering ondergeskik maak aan permanente of tydelike taakspanne se besluite/voorstelle nie.

4 Sorg te dra dat KVV in diens staan van 'n gespreksmatige proses wat konsensus soek en soms kompromie maak en indien nodig ook stem.

3.3.1 Die AS 2019 neem kennis dat die saak by die hersiening van reglement 3 hanteer is.

4. SAKE DEUR DIE ATR HANTEER VIR KENNISNAME

4.1 Die *Kerkorde* 2015 is hersien en redaksioneel versorg ooreenkomstig die besluite van die Algemene Sinode 2015, waar van toepassing in oorleg en met die goedkeuring van die Algemene Sinodale Moderamen (ASM).

4.2 'n Protokol vir die samestelling van die ASM se agenda is saamgestel (ASM 5-7 September 2016).

4.3 Verskeie adviese is op versoek aan die ASM gegee aangaande die hantering van appèlle en gravamina en ander skrywes in reaksie op die AS 2015 se besluite, asook in verband met die Buitengewone Algemene Sinode 2016 (hierna BAS 2016). Heelwat adviese is aan die ASM gegee ten opsigte van die Hofsaak (LLB Gaum en andere teen die NG Kerk). Die NG kerk se prokureur, meneer Hans Oosthuizen, is deurentyd geraadpleeg.

4.4 Kommissies is aangewys om appèlle en gravamina te hanteer met verslag aan BAS 2016.

4.5 Hersiening van reglement 19 is in opdrag van ASM gedoen (Sien aanvullende bylaag).

4.6 Ander korrespondensie vanuit die NG kerk met die ATR is hanteer, asook adviese wat versoek is uit sinodale streke.

4.7 Die Sinode Goudland is deur die ATR adviseer ten opsigte van die inskakeling van die Sinode Bokang Modimo as ring by Goudland, asook die status van predikante van Bokang Modimo. 'n Besluit is in die verband geformuleer en aan die ATP besorg.

Die Goudlandsinode het in 2017 die Bokang Modimo gemeentes en hulle predikante deel gemaak van die NG Kerk. Die predikante funksioneer in die Bokang Modimo gemeentes met volle bevoegdheid. Aangesien dit 'n unieke situasie is, dui die uitsonderings wat reeds in die verlede gemaak is (punt 6 hierbo), rigting aan.

Die ATR het in die verlede etlike kere ter wille van buitengewone behoeftes op aanbeveling van sinodes uitsonderings gemaak op die vereistes vir volle predikantsbevoegdheid in die NG Kerk. In al die gevalle het die persone slegs gedeeltelike gekwalifiseer vir predikantsbevoegdheid in die NG Kerk, was dit buite die kwessie om die uitstaande kwalifikasies en ander vereistes te bekom en was die behoefte van so 'n (noodsaaklike) aard dat hulle die beste kandidate was om die betrokke groepe as predikante te bedien (taalvaardigheid, dieselfde kultuurgroep, aanvaarding binne die gemeente).

Die ATR besluit om by die ATP aan te beveel dat predikantsbevoegdheid met beperkte opdrag verleen word aan die persone genoem in punt 3 hierbo, onderworpe aan die volgende voorwaardes:

7.1 die huidige predikante is slegs beroepbaar na die gemeentes van die Bokang Modimostreek binne Goudland Sinode en na geen ander NG gemeente nie, tensy hulle intussen 'n *colloquium doctum* aflê volgens die vereistes neergelê in reglement 11, punt 7.4.3;

7.2 geen predikant van enige ander kerk of groepering as die persone genoem in punt 3 hierbo, wat nie proponents- of predikantsbevoegdheid in die NG Kerk het of kan verkry nie, sal in die toekoms toegelaat word om 'n gemeente van die Bokang Modimostreek as predikant te bedien nie.

5. HOFSAAK LLB GAUM IN SAKE BESLUIT VAN BAS 2016

'n "Kennis van Mosie" is ontvang van die regsverteenvoerders van LLB Gaum en andere op 15 Junie 2017. In dispuut was die prosedure wat die NG kerk gevolg het om die besluit van AS 2015 te hersien;

reglement 19 aangaande appèl wat teenstrydig is met artikel 23.1 van die *Kerkorde*; asook die ongrondwetlikheid van AS 2016 se besluit. Die ATR het besluit, na oorleg met die regsadviseurs, om die mosie teen te staan. Die ASM het die besluit gekondoneer. 'n Sub-taakspan is aangewys deur die ATR om saam met die regsadviseurs te werk tydens die voorbereiding vir die hofspraak met verslag aan die ATR. Die ATR het ook besluit om die moontlikheid van arbitrasie te ondersoek.

Buitengewone vergaderings van die ATR is op 12 en 19-20 Maart 2018 gehou om die posisie van die Respondente se eedsverklarings uit te klaar; in gesprek met die prokureur sekere regsduidelikhede op te klaar; te besluit of die hof om sekerheid genader moet word aangaande die regsgeldigheid van die AS 2015 se besluite na aanleiding van talle appèlle; en om die saak van arbitrasie op te volg.

Die Applikante se regsadviseurs het die moontlikheid van arbitrasie afdag. Regsadvies het uitgewys dat die tydperk om die hof oor die regsgeldigheid van die AS 2015 se besluite te nader, verval het.

Die Hooggeregshof het op 21 Augustus 2018 vergader en die Applikante en Respondente se saak aangehoor. Uitspraak is ten gunste van die Applikante gelewer op 8 Maart 2019.

Die ATR (BATR 14 Maart 2019) het vergader nadat die Hof uitspraak ten gunste van die Applikante gelewer het en besluit:

Advies

5.1.4.1. Die ATR beveel aan dat die kerk nie appelleer teen die hofuitspraak nie.

Motivering:

5.1.4.2 Die *Kerkorde* 2015 Art 21 lui: Die kerkvergadering behandel sake vanuit kerklike perspektief, in die lig van die Woord van God en op kerklike wyse.

5.1.4.3. Die kerk wou nie in die eerste plek die saak in die hof beredeneer nie. Daarom oordeel ons steeds dat die kerk nie sake in die burgerlike hof moet beredeneer nie.

5.1.4.4. Die ATR is van mening dat geestelike leierskap van ons vra om hierdie saak op 'n konstruktiewe wyse te hanteer te midde van die hofuitspraak. Verhoudinge en die heil van die kerk bly vir ons baie belangrik.

Die ATR se aanbeveling is deur die Moderatuur hanteer. Die ASM het elektronies te gunste van die advies gestem. Die saak is daarmee afgehandel.

6. SAKE VIR HANTERING BY AS 2019

Verskeie gravamina is met die oog op die AS 2019 ontvang. Die ATR het aanbeveel dat die ASM 'n taakspan aanwys om die AS 2019 met 'n verslag te bedien aangaande die gravamina. Die ATR het geoordeel dat gravamina wat by die AS 2016 gedien het, nie afgehandel is nie en weer by die AS 2019 moet dien.

7. HERSIENING VAN DIE KERKORDE

7.1 WYSIGINGS AAN DIE KERKORDE

Die voorgestelde wysigings is vervat in bylaag A.

7.2 KONSEP KERKORDE VIR 'N MISSIONALE KERK

Die ATR het besluit dat die dokument as werksdokument hanteer word en ingebind word in die ATR verslag vir die AS 2019 met die oog op kommentaar / insette aan die ATR teen einde Mei 2020. Sien bylaag B.

Hiermee vertrou die ATR dat hy die taak aan hom opgedra na behore nagekom het. Die vergadering van die Algemene Sinode word die seën van die Here toegebied.

Dr L Ungerer (voorsitter)

Dr H Theunissen (skriba)